Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **30**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM:** ____________________

*6AFHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (20 punte)
   AFDELING B: Transaksionele Teks (10 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is bv. 1.1. indien jy die onderwerp gekies het.

4. Skryf netjies en leesbaar.

5. Beplan jou werk voordat jy begin skryf (bv. kopkaart, sleutelwoorde).

6. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.

7. Wys jou beplanning.

8. Skryf elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

9. Die BYLAAG op die laaste bladsy moet afgehaal word en aan jou ANTWOORDEBOEK geheg word.

## AFDELING A: OPSTEL – KREATIEWE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES

1. Kies net <u>EEN</u> van die volgende opdragte hieronder.

2. Skryf 'n opstel van 140–150 woorde (6–8 paragrawe.)

3. Dui die vraagnommer en titel bo die teks aan, bv. VRAAG 1.1: HELDEDAAD


1.1 Skryf 'n opstel oor hoe jy iemand se lewe uit 'n brandende huis gered het. Begin so: "Dit was so amper of almal in daardie huis was dood."




**[20]**

**OF**

1.2 Verduidelik hoe jy iemand van verdrinking gered het. "As ek nie daar was nie, weet ek nie wat met Pietie sou gebeur het nie."



**[20]**

**OF**


1.3 ʼn Nare droom: "Ek was sopnat gesweet en het met ʼn geskree wakker geskrik."




**[20]**

**OF**

1.4 Kyk na die volgende strokiesprente en skryf ʼn storie. Gee jou storie ʼn titel.



**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

- Kies net EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van ongeveer (60–80) woorde.
- Beplan voor jy skryf.
- Dui die vraagnommer en die titel duidelik bo die finale skryfstuk aan.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf 'n brief aan jou maat en vertel vir hom/haar van die aangenaamste (lekkerste) dag wat jy in jou lewe al beleef het. (100–120 woorde) **[10]**

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Jy het vergeet om Mnr./Me. X se huiswerk af te skryf. Bel jou vriend/vriendin en vra of jy die werk by hom/haar kan kom afskryf.



Begin jou dialoog as volg:

Telefoon lui trieng-trieng.
Danie: Hello! Mag ek asseblief met Sarie praat? **[10]**

**OF**

2.3 Jou onderwyser vra jou om in te skryf vir ŉ teken kompetisie. Jy moet egter eers die vorm volledig invul.

**BYLAAG**

| |
|---|
| **TALENTKOMPETISIE: TEKENKOMPETISIE** |

| | |
|---|---|
| **Naam + Van:** | |
| **Adres:** | |
| **Geslag:** | |
| **Graad:** | |
| **Kontaknommer:** | |
| **Stokperdjies:** | |

Skryf TWEE motiveringsinne waarom jy dink jy die beste persoon is om die kompetisie te wen.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________ **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**